

Virusse in SA:

die probleem en moontlike oplossings

Die virusvlakke in moervoorrade het oor die afgelope paar jaar onrusbaarend verhoog, ongeag die feit dat meer vroeë generasie moere beskikbaar is.

Virussiektes wat in Suid-Afrika waargeneem word is gewoonlik PVY, rolbladvirus en kromnekvirus. PVY het geleidelik oor die afgelope dekade toegeneem. Na 'n jarelange afwesigheid het veral rolbladvirus oor die laaste paar seisoene toegeneem. Abnormale hoë frekwensies van rolbladvirus is gedurende die huidige seisoen in sekere areas waargeneem. Moerkwekers vind dit toenemend moeilik om aan skemaregulasies te voldoen as gevolg van die opbouing van vektorpopulasies en die gevolglike verhoging in virusdruk.

Die Sertifiseringskema kan virusopbouing in gebiede slegs beheer met betrekking tot die beheer van opslag en hergroei en die plant van gesonde moere deur geregistreerde kwekers. Probleme ontstaan egter uit ongeregisterde aanplantings deur produsente in moerproducerende streke, swak plantluisbeheer en onefektiewe toedienings van plaagbeheermiddels.

Dit is noodsaaklik dat drastiese stappe geneem word om die situasie te normaliseer ten einde te verseker dat die moerbe-dryf in staat gaan wees om plantmateriaal met 'n lae of geen virusinhoud te voorsien.

Die verhoogde virusvoorkoms kan moontlik

Dr Pierre Nortjé, Hoofuitvoerende Beampte: Aartappelsertifiseringsdiens



Die Moerkwekersforumvergadering was gekenmerk deur in-dieptebesprekings oor probleme in die bedryf. Tog kon afgevaardigdes ook 'n ligter oomblik geniet.

aan die volgende faktore toegeskryf word:

Hoë virusdruk

Gedurende die afgelope paar seisoene is 'n hoë voorkoms van plantluis, vektor van aartappelvirusse, in die meeste aartappelproduksiestreke gerapporteer. Dit impliseer dat die verspreiding van virusse verhoog het. Dit impliseer ook dat hoewel moere met 'n lae virusinhoud vir moerproduksie in hierdie streke geplant word lopende seisoen infestasies 'n toename van virusvoorkoms veroorsaak het. Klimaatstoestande (bv. matige winters) beïnvloed ook die voorkoms en opbouing van plantluis wat hoë virusdruk veroorsaak.

Hoë vektordruk word beïnvloed deur:

- Die deurlopende produksie van aartappels

sonder 'n onderbreking tussen seisoene veroorsaak 'n opbouing van plantluispopulasies.

- Warm wintertemperature en die laat begin van die winterseisoen, veroorsaak dat plantluispopulasies by die aanvang van die volgende moerproduksieseisoen hoër is.

Kommersiële aartappel-aanplantings

Kommersiële aartappelprodusente (tafelproduksie) se spuitprogramme is nie uitsluitlik teen plantluisbeheer gemik nie. Dit impliseer dat plantluis kan oorleef en suksesvol op hierdie aanplantings kan vermeerder en sou die plantluis met virus besmet word sal die verspreiding van virusse vermeerder. By implikasie beteken dit dat die moontlikheid van lopende seisoen infestasies in die geval van kommersiële

aanplantings groter sal wees. Moerkwekers dra ongelukkig ook tot hierdie situasie by deur kommersiële aartappels wat soms met virus besmet is naby aan hul moeraanplantings te plant. Die ekonomie veroorsaak ook dat moerkwekers gedwing word om hul moeraanplantings te laat uitgroei om in die voordeel van die tafelmark te deel deur groter opbrengste te realiseer.

Ongesertifiseerde moere

Daar is geen verbod op die aanplanting en verkoop van ongesertifiseerde moere in Suid-Afrika nie. Dit skep 'n mark vir ongesertifiseerde moere. Dit is ook algemeen dat kommersiële produsente moere van kommersiële aanplantings vir eie gebruik terughou. Sulke moere is gewoonlik besmet. Dit help virusdruk

regdeur die land verhoog.

Spuitprogramme

Bewerings word gemaak dat sekere chemiese middels nie meer effektief is nie. Kommer is uitgespreek dat sommige generiese produkte nie effektief is nie. Hoë finansiële insetkoste dwing produsente om van hierdie produkte gebruik te maak.

Kommer is ook uitgespreek oor die effektiwiteit van toedieningsmetodes. Toediening van plantluismiddels deur middel van besproeiingstelsels vind ook plaas en word deur sommige agente aanbeveel hoewel geen plantluismiddels vir sodanige toedienings geregistreer is nie.

Opslagplante

Opslagplante is moontlik een van die mees belangrike oorsake van die opbouing en instandhouding van virusiektes. Hoewel die sertifiseringske- ma hierdie aangeleentheid voldoende aanspreek, kan geen jurisdiksie oor tafelprodusente uitgeoefen word nie.

Aksies en oplossings

Die Forum het die volgende aspekte as noodsaaklik aanvaar om die probleem die hoof te bied:

- Streng selfdisipline en die implementering van tradisionele moerproduksiepraktyke.
- Moerkwekers moet besef dat moerproduksie hul primêre doelwit is.
- Tafelprodusente moet besef hulle is nie ook

"moerkwekers" nie.

- Die virusdruk in moer- en tafelproduksiestreke moet verlaag word.
- Die vektorrisiko moet doeltreffend bestuur word.
- Evaluering van die huidige stelsel se vermoë om die hoë virusdruk te kan hanteer.

Die Forum het ook aanbeveel dat die volgende maatreëls in samewerking met die Nasionale Departement van Landbou ingestel en geïmplementeer word.

- Die proklamasie van moerproduksiestreke waar nodig.
- Deurlopende monitering van plantluis op 'n nasionale basis.
- Die herinstelling van verpligte doodspuitdatums gebaseer op plantluispopulasies en monitering van data.
- Verpligte onderbreking

in aartappelaanplantings waar van toepassing.

- Minimum en afdwingbare maatreëls in die geval van kommersiële aanplantings in die omgewing van en op moerproduksieplase.
- Die gereelde verifikasie van virusrasse om die toepaslikheid van toets-tegnieke te bevestig.
- Die ontwikkeling en deurlopende evaluering van beskikbare toetspakette.
- Die ondersoek na variasie en betroubaarheid van virustoetsing.

C